PULSE TIENERKAMP

Ons nooi alle Tieners Gr. 7 -12 uit om saam te kamp **13-15 Oktober te Kleinmond**. Ouers is welkom om saam te kamp. Ons benodig ook hulp met vervoer asb.

Die kamp beloop **R400 per kind** en ons wil ondersteuning vra t.o.v. ons kinderhuis tieners. Tans is daar reeds 4 tieners van die kinderhuis wat wil gaan kamp en ons benodig borge vir hulle.

As jy voel jy kan ons hiermee help of verlang meer inligting oor die kamp, kontak gerus vir **ds. Jana Dickason by (021) 975 6370 / 082 614 1728**

VOORBIDDING

Weet jy van iemand wat siek of in die hospitaal is? Laat weet asb. vir Christa by (021) 975 6370 X103 sodat ons ook vir hulle kan bid / besoek.

Ons dink in ons gebede aan die volgende lidmate wat siek is of behandeling ontvang:

- Rika Nel

Ons innige simpatie aan die gesinne en familie met die afsterwe van:

- Lawrence de Jongh
- Drienie Krag

DURBANVILLE VROUEBEDIENING
bied aan op 7 Oktober
AuthenticityX3
'n Bible Journaling en Decoupage klas.

Ons tema: 'n Nuwe begin
Tyd: 09:00 – 12:00
Plek: Mimosastraat 18, Durbanville
Kostes: R300 (sluit 'n ligte maaltyd in)

Kontak: Carollize Laing - 082 453 5716
Authenticityx3@gmail.com

VERSKEIDENHEIDSKONSERT

ten bate van
HUIS ARISTEA
(Bespreek by die kerkkantoor)

Kunstenaars: Zanne Stapelberg de Lange, Stef Kruger en die Ou Menere.

Vrydag, 20 Oktober
om 14:30 by die Agenbagsaal, Huis Aristea
Toegang: R70 / volwassene
R50 / Pensionaris

Saterdag, 21 Oktober
om 18:30 by NGK Bergsig se Ouditorium
Toegang: R70 / volwassene
R50 / Pensionaris en kinders

SIG UITGAWE VIR DIE 3DE KWARTAAL

Neem asb. kennis dat die uitgawe vir die 3de kwartaal teruggehou word weens kostebesparings. Belangrike sake sal via die Bulletin gekommunikeer word.

D4J "WORSHIP NIGHT"

Almal word uitgenooi na D4J se **"Worship Night"** op **13 Oktober** om 19:00 by Oakhill! Dis gratis en jy kan jou kaartjie kry by: www.d4j.co.za

HUIS ARISTEA HOU BASAAR

14 Oktober om 08:30

Heerlike "Brunch" en roosterkoek en nog vele meer.
Kom geniet 'n heerlike oggend by die basaar met vrolike musiek.

GEMEENTEBULLETIN

Durbanville Gemeente

Dissipels van Jesus, saam in diens van God se nuwe wêreld

KERKKANTOOR
Tel: 021 975 6370
E-pos: ontvangs@durbanvillegemeente.co.za
Webblad: www.durbanvillegemeente.co.za
Facebook: Durbanville Gemeente
Instagram: @durbanvillegemeente
Twitter: @Dgemeente

BANKBESONDERHEDE
ABSA, Durbanville-tak, Rekeningnommer: 1410580019
Naam: NG Gemeente Durbanville.
Verw: *bv. RVos / MDO*

HARTLIKE WELKOM BY VANDAG SE EREDIENS!

TYD	WAAR	VANDAG 24 SEPTEMBER	VOLGENDE WEEK 1 OKTOBER
		Teks: Johannes 15: 9-17	*Teks: Filippense 3*
09:00	**Kerk: Klassieke diens**	Ds. André Agenbag	Dr. Tinus van Zyl Lentetee & Doop

BAIE DANKIE AAN ONS VRYWILLIGERS VANDAG

Elmarie Coetsee, Kobus en Riana Knoblauch, Maria Verster en Helene Coetzee en Wynand Theron.

SINODALE OFFERGAWE VANDAG – INSTITUUT VIR DIE DOWES

Die Nasionale Instituut vir Dowes is in 1881 deur die kerk tot stand gebring om vir Dowes taal te gee, sodat hulle ook die boodskap van Jesus Christus kon ontvang. Tans word Dowes ook as predikante en pastore opgelei by "Deaf Christian Ministry Africa" by NID om die meer as 400 000 onbereikte Dowes in Suid-Afrika te bedien met die Woord.

DURBANVILLE/BERGSIG SENIOR KLUB

Lede wat deel is van die uitstappie op Donderdag, **28 September** na Klein Nooitgedacht Plaas – "Kaapse Heuning Fabriek" word herinner dat die bus om *09:30 vanaf Durbanville Gemeente sal vertrek.*

LENTETEE 1 OKTOBER 2017

Almal word uitgenooi om lente saam met ons te kom vier op Sondag, 1 Oktober tydens 'n gesamentlike erediens om 09:00. Daarna gaan almal heerlik saam tee/koffie drink op die grasperk by die Kerkgebou. *Ons nooi spesiaal die kinders uit om na die poppekas te kom kyk!* Indien u 'n bydrae kan maak met 'n bordjie van 12 soet of sout happies vir die tee, sal ons dit waardeer indien u dit op Vrydag, 29 September by die kerkkantoor kan afgee of voor die erediens op die 1ste by die kerkgebou. Takkies blomme vir die tee tafels is ook welkom!

KERSSPEL

Ons beplan 'n Kersspel op 3 Desember! Ons sien baie uit en wil almal nooi om betrokke te raak. As jy wil deel wees van hierdie aand kontak **ds. Jana Dickason of Etienne Snyman.**

#THE ROCK AFSLUITINGSBRAAI

Ons afsluitingsbraai op 17 September was 'n groot sukses! Ons wil graag baie dankie sê aan ons Jeugspan wat hard gewerk het op hierdie aand en natuurlik elke ouer se bydrae!

GEMEENTE FINANSIES

Die Kerkraad van Durbanville Gemeente het op ‘n kerkraadsvergadering van 19 September 2017 besluit om die volgende insake die gemeente se finansiële posisie aan ons lidmate te kommunikeer:

- As gevolg van die dramatiese afname in die gemeente se inkomste uit lidmaatbydraes (nagenoeg 20% minder as die vorige boekjaar) en ten spyte van inkorting en verantwoordelike bestuur van ons uitgawes, het ons tans 'n maandelikse tekort van nagenoeg R150 000.

- Die kerkraad was gevolglik genoodsaak om 'n bykomende kredietfasiliteite van R400 000 aan te gaan om ons kostes vir nog twee maande te kan dek.

- Daar is reeds ‘n formele proses geïnisieer om verdere kostebesparings te implementeer.

- In die lig hiervan neem ons die vrymoedigheid om ‘n beroep op ons lidmate te doen om in biddende afhanklikheid van die Here na te dink oor hul finansiële bydraes tot die bediening van Durbanville Gemeente.

Die kerkraad en predikante nooi lidmate uit om saam met ons hieroor te besin en geloofsonderskeidend voor die Here hierdie pad te stap. Maak gerus ‘n afspraak met enige van die Kerkraadslede en predikante indien jy hieroor wil gesels.

Ons as kerkraad se bede is dat hierdie finansiële uitdaging ons so sal saam bind om as "Dissipels van Jesus, saam in diens van God se nuwe wêreld" te kan leef.